

Die vrae uit ou vraestelle, toetsvraestelle, en modelvraestelle is individueel gekies en uitgehaal vir

- **Kategorisering**

Dieselfde vraag kan by meer as een afdeling van die sillabus voorkom, of meer as een onderwerp van die sillabus toets – en dit is hoe dit hoort, Wiskunde bou gedurig voort op vorige vaardighede.

Uit die perspektief van hierdie eBoek, egter, kan die leerder 'n vraag verkeerd hê die eerste keer as dit teëgekrom word, en wanneer dit later weer voorkom is dit 'n geleentheid om te toets of die vaardigheid intussen wel aangeleer is, en ook om te sien of die leerders wel die moeite doen om uit hulle foute te leer (*“FAIL – First Attempt In Learning”* en *“People who don't make any mistakes don't make anything”*)

- **Spelfoute en tikfoute**

Daar is heelwat spel- en tikfoute in die dokumente wat beskikbaar gestel is, en hierdie groepering van vrae gee ons ook die geleentheid om hierdie foute reg te stel

- **Gemak**

Indien daar by die leerder(s) 'n behoefte is om meer vaardig te word in 'n spesifieke onderwerp bied hierdie kategorisering die ideale geleentheid om dit te doen.

Breuke / Desimale Breuke

1) Klassifiseer die volgende getalle as rasionaal of irrasionaal.

a) $4\frac{1}{2}$

b) $\sqrt{2}$

c) 0,2

2) Skryf elk van die volgende getalle as gewone breuke.

a) 0,7

b) 0,13

c) 2,01

3) Rangskik in stygende volgorde.

a) 0,75 0,625 0,8 0,6

b) 0,24 0,2 0,2̇ 0,2̇0

c) 0,6̇ $\sqrt{0,36}$ 0,69 $\sqrt{0,366}$

d) $-\frac{2}{3}$ $-\frac{3}{2}$ $-\frac{1}{6}$ $-\frac{5}{6}$

e) -0,1 -0,12 -0,11 -0,01̇

- 4) Watter getal is die kleinste?
- a) $\sqrt{3}$ of 1,6
- b) $-\sqrt{5}$ of -1,3
- 5) Bepaal een reële getal tussen
- a) $0,1\dot{5}$ en $0,\dot{1}5$
- b) $0,7$ en $0,\dot{7}$
- 6) Vereenvoudig: $7,125 \div \sqrt{25}$
- 7) Skryf die verhouding $1\frac{2}{3} : 2\frac{2}{3}$ in die eenvoudigste vorm.
- 8) Verdeel R48 tussen A, B en C sodat vir elke R4 wat A kry, kry B R3 en vir elke R4 wat B kry, kry C R3.